
# My eerste Bybel Doen en Leer Boek











bybelgenootskap van suid-afrika

## My eerste Bybel Doen en Leer Boek

Hierdie leesboek vir basiese geletterdheid is saamgestel deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en is gebaseer op die Doen-en-Leer-metode ontwikkel deur dr. Rose Botha van Ghoené Bemarking. Ons gee erkenning vir hulle intellektuele insette sowel as vir kunswerk wat goedgunstiglik deur Ghoené voorsien is waar nodig.

Eerste digitale uitgawe 2013

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2013

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 5500, Tygervallei, 7536 Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

eISBN 978-0-7982-1726-2

## Hoe om die leesboekie te gebruik.

Kinders leer ken hulle omgewing deur spel. Hulle leer deur al hulle sintuie - oë, ore, hande en hulle liggame - te betrek. Dit behels om na stories te luister, liedjies te sing, ritmes te klap, speletjies te speel sowel as ander tegnieke wat al die sintuie betrek. Daardeur word hulle kort- en langtermyngeheue ontwikkel en versterk. Dit is belangrik om die eerste 5 lesse van die leesboekie volgens die aanwysings te doen en te verstaan. Maak gebruik van die flitskaarte op die A3-middelblad. Wees kreatief en gebruik metodes wat vir jou werk.

### Volg die ikone

Die ikone (prentjies) hieronder help die onderwyser/helper om die instruksies in die boekie te volg.


Onderwyser/helper lees en verduidelik


Klap - tel en klap lettergrepe


Inkleur - leerders teken of kleur in


Skryf - leerders skryf


Soek en vind - soek woorde as deel van die aktiwiteit


Doen - leerders reageer met aksie of beweging


Luister - leerders luister terwyl die opvoeder voorlees en verduidelik


Praat - leerders herhaal wat die opvoeder lees of sê en antwoord vrae

**Eenheid 1: Les 1**

Onderwyser/helper: Hou die woordjie Ek op, wys na jouself en sê: "Hierdie woordjie sê: "Dit is 'Ek'." Leerders sit die hand op die bors en herhaal "Ek" (herhaal 'n hele paar keer). Maak seker dat hulle begryp wat "Ek" beteken. Skryf die woordjie in die lug en sê: "Trek strepie af. Lig die handjie. Trek 'n strepie bo van links na regs. Lig die handjie op. Trek dan 'n strepie in die middel van links na regs. Lig die handjie. Trek 'n strepie onder van links na regs." Doen dan die letter "k" op dieselfde manier. Dit is 'n "K". Trek nou die woordjie "Ek" met jou vingertjie op die bladsy.

Teken nou julle gesigte, arms en voete op die eerste letter (E) in (spreek uit as Ê). Leerders gebruik hulle tyd om prentjie te voltooi. Onderwyser/helper: Voltooi nou die reël met die woordjie "Ek". Volg die pyltjies.

**Les 2:** Onderwyser/helper: Wys letter S. Hierdie lettertjie lyk soos 'n slangetjie. Hoe maak 'n slang? Leerders sê "s" en maak 'n slang na: "sssssss". Wys na "Ek". Wat sê hierdie woordjie? (Ek). En die tweede woordjie sê "is" - klank 'i" en "s"(nie "ie" en "es" nie). Sê agter my aan: "Ek is". Laat leerlinge hulle name skryf. Help waar nodig. Wys die flitskaart van sit: Leerders staan op en gaan sit terwyl hulle die woordjie "sit" sê. Herhaal 'n paar keer. Almal moet deelneem. Doen dieselfde met al die ander werkwoorde. Wys sien: Leerders maak 'n sirkel met duim en voorvinger (al twee hande) en kyk daardeur. Wys lees: Maak of hulle 'n boek vashou om te lees. Wys bid: Laat hulle handjies vou en op hulle knieë staan terwyl hulle die woordjie "bid" sê. Demonstreer werkwoorde met aksie. Wees kreatief!

**Les 3:** Onderwyser/helper: Wys flitskaart van bid: Volg die ikone. "Hierdie woord sê 'bid'. Hoe bid 'n mens? Wys my. Leerders doen dit terwyl hulle sê "bid". "Vir wie bid ons?" Lees sinnetjie. Leerders herhaal. "Waarvoor bid ons?" Lees sinnetjie. Leerders herhaal. Herhaal met elke reël. Onderwyser/helper: Verduidelik "wil". Slaan met die hand op die tafel en sê "Ek wil!" Leerders herhaal. Verduidelik elke prentjie. Vra watter woorde en lettertjies ken julle al? ("ek","i","l")

Leerders: Kleur "w" in en voltooi die "S" op die onderste lyntjie.

**Les 4:**

Onderwyser/helper: Wys flitskaart van die appel: Sê "a"-klank. Volg die ikone. Lees die les voor. Laat leerders elke woordprentjie uitbeeld. Fokus op woorde met 'n "a"-klank. Verduidelik die lang "aa"-klank. Soek woorde met 'n "a" en woorde met "aa". Vra watter klanke of woorde ken julle al? Sê: "God het die aarde in 6 dae gemaak." Leerders tel en klap tot by 6. Maak sinne met die skeppingsdae, bv. "Op dag een maak God ... (leerders sê dit hardop) dag en nag!" Herhaal met elke dag. Leerders moet elke prentjiewoord demonstreer, bv. "baie" kan hulle wys deur 'n paar tiene met hulle vingers te flits. Vra vrae wat begin met "wie", "wat", "hoekom", bv. "Wie rus vandag?"Leerders antwoord in sinnetjies. Demonstreer dag 7 waar almal maak of hulle slaap.

**Les 5**

Onderwyser/helper: Wys flitskaart van die tuin. Praat oor tuine en wat alles daar groei. Volg die ikone. Lees die storie voor en vra vrae: "Wat was die naam van die tuin?", "Wie het daar gebly?", "Wat mag hulle nie doen nie?", "Wat sê God vir hulle?", "Wat sê die slang?" Demonstreer die woordjie "eet". Leerders soek die woorde: bv. "nee", "eet", "hartseer". Voltooi die sinne: Adam en Eva moes _________ . God maak vir hulle_____________.

Onderwyser/helper: Maak 'n toepassing – Adam en Eva moes uit die tuin uit want hulle was ongehoorsaam.

## Nog idees vir geletterdheid


**Alfabetkaart:** Vergroot die woorde van die alfabet tot flitskaartgrootte, lamineer indien moontlik en knip uit. Kan gebruik word om kennis te toets, speletjies soos "snap" te speel en om sinnetjies te bou en woorde te herken.
**Flitskaarte:** Elke leerder het 'n eie bladsy met flitskaarte. Lamineer indien moontlik of plak op karton (van gebruikte kartondose). Knip uit en bêre in 'n koevert of houer met elkeen se naam daarop. Onderwyser/helper moet flitskaarte soveel moontlik gebruik in die aanbieding van die lessies. Maak eie flitskaarte sonder prentjies om kennis te toets.
**Bou 'n muur van woorde:** Maak skoendose bymekaar, skryf woorde daarop en bou 'n muur, of sit flitskaarte van woorde wat dikwels gebruik word teen die muur op. Laat leerders self die woorde kies wat hulle wil opsit.
**Hergebruik van woorde:** Herhaal bekende woorde of woorde wat baie gebruik word om leerders te help om hulle op sig te herken en te gebruik, bv."sien", "sit", "maak," ens.
**Gesamentlike/begeleide lees:** Lees woord vir woord met leerders. Klank woordjies saam met hulle. Gesels oor elke prentjie sodat hulle kan verstaan wat die woord beteken. Bou op bestaande kennis. Gebruik jou vinger of 'n wysstok sodat hulle maklik kan volg.
**Vra vrae:** Wie, wat, waar, hoe, hoekom.
**Woordsoek:** Vra: "Wat is die tweede woord in reël 4?", "Watter woord in reël drie begin met 'n sekere letter, bv. 'r' "? Dit is belangrik om klanke te kan onderskei, bv. "s", "k", "r", ens.
**Teloefeninge:** Vra: "Hoeveel lyntjies/reëltjies het hierdie storie?", "Wat is die eerste/tweede/laaste woordjie in die lyntjie of die storie?"
**Oorvertel van verhale:** Gee leerders 'n kans om die verhale oor te vertel in hul eie woorde.
**Speel raai-raai (charades):** Leerders beeld verhale, karakters of woorde uit sonder om te praat. Die ander moet dan raai wat hulle uitbeeld, bv. "Josef", "slang", "sterk" of "gelukkig".
**Klap-klap:** Deel langer woorde op in lettergrepe (dele) en klap op elke deel, bv. Mam-ma, ba-ba, ens.
**Kleur in/merk woorde met kleur:** Kies woorde met dieselfde klanke soos "dag/nag", "duif/muis/uit".
**Teken:** Laat hulle die stories of van die karakters of 'n voorwerp in 'n verhaal, bv. die ark of van die diere, teken.
**Voltooi letters:** Van die jonger leerders kan letters net inkleur of versier.
**Skryf in die lug:** Draai jou rug na die klas om letters in die lug te skryf. Dit help hulle met die rigting van die letters. Wees bedag op linkshandige leerders en help hulle om in die regte rigting te skryf.
**Trek woord na:** Leerders trek letters in die leesboekie na met hulle vingers.
**Sing:** As daar 'n liedjie is wat pas by die les, laat die leerders dit sing en demonstreer.
***Varieer hierdie metodes en voeg jou eie by afhangende van die les.***

***Let wel:*** Woorde word nie altyd geskryf soos hulle uitgespreek word nie, veral Afrikaans met sy lang klanke (dubbele medeklinkers wat verander na enkelmedeklinkers in die meervoud) veroorsaak soms verwarring. Leerders moet woorde met tweeklanke ("eu", "ui", ens.) en drieklanke ("eeu", "ooi" en "oei") op sig leer ken deur herhaling.

### NB! Meer gevorderde vlak:


**Begeleide lees in groepe:** Plaas meer gevorderde leerders in groepe sodat hulle vir ander leerders in die groep kan voorlees. Onderwyser/helper beweeg dan tussen groepe om hulp te verleen.
**Plaas sinne in die regte volgorde:** Skryf sinnetjies in 'n storie op die bord (of op flitskaarte) in die verkeerde volgorde. Laat die groepe dit dan in die regte volgorde plaas. Beloon die groepie wat eerste klaar is.
**Toets hulle kennis:** Gee die verkeerde feite in 'n storie, bv. "Goliat was baie klein!" Dan moet die leerders die onderwyser/helper reghelp deur die regte antwoord te gee.
**Gesyferdheid:** Laat leerders die aantal reëls in 'n storie tel; klap al die getalle in die lesse uit, bv. 7 skeppingsdae, Jakob se twaalf seuns, ens. Vra wat is die eerste, of derde of laaste woordjie in 'n reël, ens.
**Vaardighede wat leerders uit leesboekie aanleer:**
Visuele geletterdheid en leesvaardighede. Leer afsonderlike klanke sowel as twee- en drieklanke soos "eu", "ui", "eeu", "ooi". Leer om 'n potlood vas te hou en te skryf, rigting van letters en om woorde en sinne te skryf. Basiese gesyferdheid en probleemoplossing.

***Let wel! Moenie haastig wees nie.*** As iets te moeilik is vir die vlak van die leerders, moet dit nie forseer nie. Konsentreer eerder op wat hulle kan doen. 'n Mens moet versigtig wees om hulle nie negatief teenoor lees en skryf in te stel nie. Onthou: hulle leer speel-speel met al hulle sintuie, insluitende die geestelike sintuig.


a appel
b Bybel
c Carla
d duif
Ek
e engel
f fontein
g gras
h huis
in
i insek
jy
j jas
k koning
l lig
m mond
nee
n neus
o ons
p plant
q Quinton
r reënboog
s slang
t tuin
u rus
v vis
w water
x x-straal
y ys
z zebra




Teken jouself:




Ek

**s**
slang

Ek is ................................................................................................

| | |
|---|---|
| Ek sit. | Ek sit. |
| Ek sien. | Ek sien. |
| Ek lees. | Ek lees. |
| Ek bid. | Ek bid. |
| Ek sing. | Ek sing. |
| Ek slaap. | Ek slaap. |

Ek is lief vir God.

s s s s s s s

## Les 3



Ek bid.




Ek bid tot God.

Ek bid vir kos.

Ek bid vir water.


Ek bid vir ŉ huis.

Ek bid vir klere.



bid

Ek wil.



Ek wil lees.




Ek wil die Bybel lees.



w w w w w







# God maak die aarde

a
appel

God het die aarde in ses dae gemaak.




Dit was baie goed.



Les 5

# Adam en Eva


t

tuin

God het Adam en Eva gemaak. Hulle het in die tuin van Eden gebly. Hulle het nie klere gedra nie.

God sê nee

Slang sê eet



Adam en Eva eet.

God sê: uit! =hartseer

God maak vir hulle klere.

# Toets 1

**Trek ń lyn na die regte dag.**

dag 1


dag 2

dag 3

dag 4

dag 5

dag 6






☆☆☆☆☆☆ = /6





# Noag se ark

“Bou ’n ark,”


sê God vir Noag.

“Sit al die diere in die ark.”





Dit reën

veertig dae




veertig nagte



Les 2

Rr

reënboog

Alles was onder water.

Toe stop die reën.

Die diere gaan uit die ark uit.



God stuur 'n reënboog.

duif

by

muis

slang


ot

kat

Teken die ark.



Praat oor die lang klanke:





r r r r r r r r r

# Toets 2

**Help die diere om hul blyplek te vind.**

Roep die diere op hul name.





☆☆☆☆☆☆☆☆ = /8





# Josef en sy broers

Jakob het 12 seuns gehad.




Jakob was lief vir al sy seuns, maar hy was die liefste vir Josef. Hy maak vir Josef ’n jas in al die kleure van die reënboog. Josef droom die sterre kniel voor hom. Die broers was baie kwaad.




Toets 3

Trek ŉ lyn na die kleure toe.

# Oo

oranje




rooi

oranje

geel

groen

blou

pers

☆☆☆☆☆☆ = /6

God het al sy kin-ders lief.

God het my lief.

God het jou lief.




................................................





skryf jou naam

# Moses - die baba in die mandjie


Mm
Moses

'n Mamma het 'n babaseun gehad. Die baba was in groot gevaar. Die mamma het hom in 'n mandjie in die rivier gesit. Die prinses sien die mandjie en vat die baba saam met haar. Sy het hom Moses genoem. Die prinses het hom gered. Sy was lief vir hom.

Soek die woord wat by die prentjie pas:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| baba |  |  | mandjie |  |  |
| rivier |  |  | prinses |  |  |

☆☆☆☆ = /4



baba

ba-ba — baba

ge-vaar — gevaar

mam-ma — mamma

mand-jie — mandjie

ri-vier — rivier

prin-ses — prinses

Mo-ses — Moses

Bb Bb Bb baba

Mm Mm Mm Moses

# Moses lei sy mense

Pp
pad

Moses se mense was slawe in Egipte. Toe trek hulle saam met Moses na ŉ ander land. God het ŉ pad deur die see gemaak en hulle gered. Hulle was baie bly.

Ek is bly.
Ek dans en klap my hande want God red my.

Ek is hartseer

Ek is bly

Pp Pp Pp pad pad

Tt
tien

# God se reëls

Moses het by die berg op gegaan. God het hom tien reëls gegee. Leer hierdie vyf:

1. Aanbid God alleen.
2. Rus op die sewende dag.
3. Eer jou vader en jou moeder.
4. Moenie steel nie.
5. Moenie jok nie.

Tt Tt Tt Tt tien

# Skaapwagter Dawid




Dawid was 'n skaapwagter.
Hy het na die skape gekyk.
Hy het hulle beskerm teen leeus
en bere.
Hy was lief om op die harp
te speel en God te loof.

Soos 'n skaapwagter kyk God
na my. Ek is nie bang nie,
want Hy beskerm my. As ek
alleen is, is Hy by my. Ek sal
hom liefhê so lank ek leef.


Dd Dd Dawid




# Dawid en Goliat

Goliat was ’n reus.

Hy was baie groot!




en baie sterk.

Hy wou teen God se mense veg.

Hy het ’n skild, ’n swaard en ’n spies gehad.

Die mense was baie bang. Dawid was ~~nie~~ bang nie. Hy was dapper!

Met ’n slingervel en vyf klippies het hy die reus





oorwin. Hy was ’n held.

Toets 4


Verbind die woord met die regte prentjie:

slingervel 

skaapwagter 


spies 

sterk 

skild 

swaard 

☆☆☆☆☆☆ = /6

 Vader, dankie dat U my  sterk maak as ek swak is. Amen.

Sw sk sl st sp sk sl



Kk

koning


# Daniël en die leeus

Daniël het in 'n ver land gewoon waar hy nie mag bid nie. Tog het hy elke dag tot God gebid. Slegte mense het vir die koning vertel. Die koning het Daniël in die leeuhok gegooi. Hy was baie hartseer, want Daniël was 'n goeie man. Die leeus het Daniël nie seer gemaak nie. God het hom gered. Die koning was baie bly.

Kk Kk Kk Koning

Toets 5

**Help die koning om Daniël te vind.**




Verbind die teenoorgesteldes:

bly — dapper

goed — hartseer

bang — sleg

Ek moe~~nie~~ vergeet om te bid nie. God hoor my.

= /6

Ee
engel

# Jesus word gebore

Maria was ŉ jong meisie.
ŉ Engel het haar vertel:
"Jy sal ŉ seun hê.
Hy sal die seun van God wees."
Josef en Maria het op ŉ donkie
na Betlehem toe gegaan.
Daar was nie plek vir hulle nie.
Hulle moes in ŉ stal bly.
Die baba is daar gebore. Die
engel het gesê: Noem hom Jesus.
Dit beteken: "God red ons".

Ee Ee Ee Engel

Ss
skaap

# Die skaapwagters

Daar was skaapwagters wat
na hulle skape gekyk het.
Die engel het hulle van Jesus
vertel.
Skielik was daar baie engele.
Hulle het God geloof en gesing:
Loof God in die hemel
en vrede op aarde.
Die skaapwagters het na die stal
gegaan om die baba te sien.
Hulle het God geloof en almal
vertel van die baba wat gekom
het om hulle te red.

# Toets 6



Soek vir die woorde in die blokkies:

Maria seun ster Josef stal

gesê sien Jesus gegaan

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| J | o | s | e | f |
| e | s | i | e | l |
| s | t | e | r | g |
| u | a | n | r | e |
| s | l | a | n | g |
| g | e | s | ê | a |
| M | a | r | i | a |
| e | s | e | u | n |

= /9

Les 3

Ww
wyse manne

# Wyse manne van ver

Wyse manne van ver het 'n ster gesien. Hulle vra toe vir koning Herodes waar die nuwe koning gebore is. Hulle volg die ster en vind die baba in die stal. Hulle gee geskenke en kniel voor hom.

Herodes was kwaad toe hy van die nuwe koning hoor. Hy wou hom doodmaak. Josef en Maria vlug toe na Egipte met Jesus.

Ww Ww Wyse

Les 4

LI
liefde

# Jesus doen God se werk

Jesus het mense geleer

God is goed.

"God is lief vir jou," het Hy gesê.

Hy het siekes gesond gemaak

en mense geleer wat reg en

verkeerd is. Hy het hulle geleer


om mekaar te vergewe.

Jesus het almal lief,


groot en klein.

Jesus het my ook lief.

Jesus het my lief.




# Jesus leer ons bid

 Vader in die hemel,

ons loof u groot naam.

Dankie vir vandag se brood.

Vergewe ons as ons

verkeerde dinge doen.

Help ons om mense te


vergewe wat verkeerd doen.

Leer ons om altyd reg te

leef. Amen.

God is ons Vader. Ons is sy kinders. Hy het ons lief. Ons het hom lief.

# Jesus in die hemel



hemel

Hulle het Jesus aan 'n kruis laat sterf, want Hy het gesê Hy is die seun van God. Sy vriende was hartseer. Na drie dae het Hy opgestaan. Toe was hulle baie bly. Jesus het in 'n wolk hemel toe gegaan.

Vandag bly sy gees in ons harte om ons te leer om God en mense lief te hê. Sy vriende het almal vertel van Jesus en sy liefde.

Hy het opgestaan

r r r r r r n n n n n m m m

l l l l l W W W w w w

k k k k K K K K E E E E

D D D D P P P P B B B B

u u u u y y y y y h h h h h

s s s s s e e e e t t t t t

c c c c c o o o o o O O O

v v v v v V V V V A A A A

p p p p p d d d d g g g g g



In *My eerste Bybel Doen en Leer Boek* word kinders en nuwe lesers van enige ouderdom blootgestel aan basiese geletterdheid deur middel van die ryk skat van Bybelverhale met hul kleurvolle karakters. Daar word gebruik gemaak van die Doen en Leer-metode wat 'n hele nuwe wêreld van basiese sowel as bybelse geletterdheid ontsluit. Die boekie word deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika uitgegee en versprei.

Doen interaktiewe onderrig met flitskaarte:

Ek is

Ek sien

Ek sit

Ek slaap

Ek sing

Ek wil Bybel lees


Leer meer oor jou gunstelingkarakters in die Bybel:

Adam Josef Moses

Noag Dawid

Kinders leer deur aksie en begeleide lees en skryf:





ISBN 978-0-7982-1726-2

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
www.bybelgenootskap.co.za